A 4.5 ALGEMENE KURATORIUM (TAAKSPAN VIR TEOLOGIESE OPLEIDING)

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Ds. Peet Bester; dr. Frederick Marais (Kuratorium US - Wes-Kaapland)
Dr. Paul du Plessis; ds. Nico van Rensburg (Kuratorium UP - Noordelike sinodes)
Ds. Jan Lubbe; ds. Johann Kemp (Kuratorium UV - Vrystaat)
Ds. Danie Mouton (Oos-Kaapland & VBO Forum)
Ds. Annatha Nel (Noord-Kaapland)
Dr. Heinrich Theunissen (KwaZulu-Natal)
Ds. DeWet Strauss (Namibië)
Dr. Kobus Myburgh (Noordelike Sinode)
Ds. Hannes Windell (Hoëveld Sinode)
Dr. Tertius Erasmus (Oostelike Sinode)
Prof. Marius Nel (Dosenteraad US)
Prof. Danie Veldsman (Dosenteraad UP)
Ds. Martin Laubscher (Dosenteverteenwoordiger UV)
Dr. Dewyk Ungerer (Algemene Sinode ATP)
Dr. Willie van der Merwe (Hugenote Kollege)
Dr. Hannes van der Walt (ACRP)
Dr. James Kirkpatrick; Dr. Gustav Claassen (Alg. Sekr.) (Algemene Sinode)
Dr. André Bartlett (VBO UP (Excelsus))
Dr. Pieter van der Walt (VBO US (Communitas))
Dr. Johan Nel (VBO UV (Seminarium))

2. ONS KYK TERUG

2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

Die Algemene Kuratorium, as Taakgroep van die Algemene Sinode wat verantwoordelik is vir teologiese opleiding, besef watter geweldige taak en verantwoordelikheid op die taakspan rus. Dit het die afgelope maande nog duideliker geword uit al die prominensie wat teologiese opleiding in die media geniet het. Die snel veranderende omgewing waarin die kerk sy roeping moet uitleef stel nog verdere uitdagings aan teologiese opleiding.

Tydens die Algemene Sinode 2015 is daar enkele opdragte aan die Taakspan gegee.

AMPSBESKOUING (A.16.1 bl 346 – 347 pt 8, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.1 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om te sorg dat die voorlopige verslag oor Ampsbediening wat gedien het voor die Algemene Kuratorium, voortgesit word in ooreenstemming met die oorspronklike opdrag van 2013 en dat die finale verslag sal dien voor die volgende Algemene Sinode

GEMEENTEBEDIENING (A 7.2 bl 124 pt 3, T.7.5.1 bl 1 pt 1.3, Notule Dag 3 pt 9)

3.2 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om toe te sien dat die opleiding van teologiese studente en die voortgesette opleiding van predikante voldoende aandag gee aan die ontwikkeling van leiers wat missionale transformasie kan lei.

HUGENOTE KOLLEGE (A.16.2 bl 352 pt 9, Notule Dag 3 pt 17)

Die Algemene Sinode besluit om die waarnemerstatus van Hugenote Kollege by die Algemene Kuratorium tot die volgende sitting van die Algemene Sinode te verleng.

MISSIONALE KERKWEES (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.7 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om aandag te gee aan die aspek van missionale kerkwees waar oa kerkplanting die nodige aandag kry.

TEOLOGIESE OPLEIDING: OUDIT VAN (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.5 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om in die lig van die profiel van die afgestudeerde student ’n volledige oudit te doen van die teologiese opleiding ten einde o.a. te bepaal aan welke sake, indien wel, die onderskeie kuratoria verdere aandag moet gee.

TWEEDELOOPBAANSTUDENTE EN KERKLIKE DIENSWERKERS (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16) 3.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om die volgende vergadering van die Algemene Sinode met praktiese voorstelle te dien rakende die implementering van die opleiding van tweedeloopbaanstudente en kerklike dienswerkers.

VBO-FORUM (T.16.3.1 bl 2 pt 1.4, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode: 1.4.1 besluit dat die sogenaamde uitgestelde kurrikulum vir die eerste drie jaar na legitimasie ontwikkel en gefinaliseer sal word; 1.4.2 besluit dat die drie Sentra sitting op die Algemene Kuratorium sal hê;

VBO-KREDIETSTELSEL (A.16.3 bl 357 pt 4.5.1, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode: 4.5.1.1.1 bevestig dat die VBO-kredietstelsel, soos voorheen goedgekeur, onveranderend hanteer sal word; 4.5.1.1.2 versoek ringe om jaarliks na aanleiding van bogenoemde, die VBO-krediete te kontroleer en toe te sien dat dit op datum is; 4.5.1.1.3 bevestig dat die kurrikulum vir VBO deur die Algemene Kuratorium hanteer word;

VIKARIAAT EN NAGRAADSE BEURSE (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.6 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om ondersoek in te stel na 3.6.1 die ondersteuning vir jong leraars sodat hulle direk na afhandeling van die formele studie kan voortgaan met ’n driejaarperiode in ’n gemeente as ’n soort vikariaat; 3.6.2 nagraadse beurse aan predikante vir oa navorsing oor die kerk.

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN EN UITVOERING VAN OPDRAGTE

2.2.1 Die opdrag t.o.v. Ampsbeskouing saak was by elke vergadering op die agenda. Die opdrag is deur ’n taakspan uitgevoer en hulle verslag word as **Bylaag 1** aangeheg.

2.2.2 Die opdrag t.o.v. missionale leierskap en missionale kerkwees was baie hoog op die agenda. ’n Raamwerk vir Missionale Bediening is deur ’n werkgroep opgestel. Die raamwerk is reeds deur die onderskeie kuratoria, die Algemene Kuratorium en die ASM bespreek en goedgekeur. Dit word as **Bylaag 2** aangeheg.

2.2.3 Dr. Willie van der Merwe het in die termyn vergaderings met waarnemerstatus namens Hugenote Kollege bygewoon.

2.2.4 Teologiese Opleiding binne die Raamwerk vir Missionale Bediening met nuwe eise en uitdaging het deurlopend aandag geniet. Die oudit van teologiese opleiding is n.a.v. hierdie raamwerk as ’n proses aangepak. ’n Dokument wat hierdie gesprek begin word aangeheg as **Bylaag 3**.

2.2.5 Die opdrag t.o.v. Tweedeloopbaanstudente en Dienswerkers is ook in die Raamwerk vir Missionale Bediening hanteer.

2.2.6 Die VBO-forum het as subtaakspan van die Algemene Kuratorium gefunksioneer. Die drie sentra het sitting in die Algemene Kuratorium geniet.

2.2.7 Die VBO-kredietstelsel en die toepaslike kurrikulum is deur die VBO-forum hanteer.

2.2.8 Vikariaat en Nagraadse beurse het nie aandag ontvang nie. Die vergadering word versoek om die opdrag te herhaal en die opdrag t.o.v. vikariaat duideliker te formuleer.

2.3 WAAROOR IS ONS DANKBAAR EN WAAR HET ONS GEVORDER?

2.3.1 Die Algemene Kuratorium is baie dankbaar om die belangrike saak van missionale bediening, die opdragte t.o.v. die verbreding van die amp en die vierbane-beleid in die Raamwerk vir Missionale Bediening aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring en implementering. Dit is die uitvloeisel van baie jare se besinning wat belangrike implikasies vir opleiding en die bediening het.

2.3.2 Die Algemene Kuratorium is dankbaar vir die goeie verhouding met die Ned. Herv. Kerk en die noue samewerking tussen die twee kerke t.o.v. teologiese opleiding.

3. ONS KYK VORENTOE

3.1 Algemene Sinode bestudeer en bespreek Bylae 1, 2 en 3.

3.2 Algemene Sinode keur Bylaag 1 en 2 goed.

3.3 Algemene Sinode versoek die AK om met die ondersoek van Bylaag 3 voort te gaan met verslag aan die volgende AS.